RAADSBELEID

ONDERWERP : ADVERTERING VAN POSTE

VERWYSING : 4.3.B

BESLUIT NR : 21.1/05/2003 DATUM : 26 Mei 2003

BELEIDSOOGMERK

Om te verseker dat gelyke geleenthede aan werksoekers gegee word om aansoek te doen vir poste.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad wil deur sy werwingsproses verseker dat die mees gepaste aanstelling in sy diens geskied.

RIGLYNE

1. Die Subdirektoraat Menslike Hulpbron word in kennis gestel indien ‘n vakante pos gevul moet word en/of dit in die pers geadverteer moet word.

2. Die Subdirektoraat Menslike Hulpbronne plaas die advertensie in die aangewese media.

3. Alle advertensies word ook op alle departementele kennisgewingborde aangebring.

4. Voldoende fondse moet jaarliks op die begroting voorsien word vir die vulling van vakatures.

PROSEDURE

1. Die Subdirektoraat Menslike Hulpbronne stel die advertensie vir ‘n vakante pos, in samewerking met betrokke Direkteur/Afdelingshoof op; en

2. Vergelyk sleutelprestasieareas met pligtestaat en herskryf pligtestaat, indien nodig.

ROLLE

Munisipale Bestuurder, betrokke Direkteur/Afdelingshoof, Sub-Direktoraat Menslike Hulpbronne.

VERWANTE BELEID

Aanstellingsbeleid.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.